# DILEMMA VAN DIE DIEP BLOU SEE - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Diep onder die see, onder 'n ou skeepswrak, het die seediere vir eeue gelukkig saam gewoon totdat voortdurende besoedeling sy tol begin eis het. Juffrou Seekat hoor by klein Sebastian in haar klas dat hulle oorweeg om te trek, want sy Vispappa voel dat daar nie meer vir hulle 'n toekoms hier is nie.

Juffrou Seekat voel bekommerd en besluit om met Koning Walvis te gaan praat. Sy deel met Koning Walvis dat die Seediere besig is om hulle hoop te verloor weens die onaangenaamheid van die voortdurende besoedeling.

Koning Walvis voel dat waar daar lewe is, is daar altyd hoop. Hy laat roep al die Seediere om elkeen se probleem aan te hoor. Elke groep seediere kom bekla hulle lot by Koning Walvis. Die klein seediertjies kom op, elkeen met 'n rommelstuk in die hand. Soos hulle beweeg probeer hulle opruim en 'n verkil in die oseaan maak.

Koning Walvis dink dis 'n goeie plan en rëel 'n "Skoonmaak-marathon"!!!
Na afloop van die "Skoonmaak- marathon" is alles silwerskoon. Niemand wil meer trek nie. Hulle besef ook, daar IS altyd HOOP as jy kies om 'n verskil te maak!!!

Die verteller sluit die storielyn af met die bekende skrifgedeelte:
*"Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet, swaarkry kweek volharding en volharding kweek egtheid van geloof en egtheid van geloof kweek HOOP".*



Kopiereg voorbehou